# Konstruktivisme, konstruksionisme en maatskaplike werk

M.J.M. du Plessis & S.B. Ferreira
Departement Maatskaplike Werk
Universiteit van die Vrystaat
BLOEMFONTEIN
E-pos: Ferreirs@opv.uovs.ac.za

**Abstract**

**Constructivism, constructionism and social work**

*In this article the constructivistic framework of reasoning is illustrated with reference to the premises of the structure determinism of Maturana, Kelly's personality constructs theory, and the radical constructivism as developed by Von Glasersfeld. Proceeding to the constructivistic frame of thought that reality is created by each individual with reference to particular internal processes (specifically cognitive processes), constructionism indicates, according to the social construct theory, that the interaction between individuals is responsible for the process of reality creation. The core of the frameworks of reasoning involves that reality is not created by the individual or individuals, and that, therefore not only one objective reality exists, but in fact a range of subjective realities – realities that are continually adapted by means of a process of evolution. As the individual is exposed to new experiences, he attaches new unique meanings to it, and this continually creates another reality.*

*This view implies specific implications for the profession of Social Work. For example, final and objective diagnoses about persons, families, groups or communities cannot be made, as such diagnoses are based on a subjective reality created by a social worker in a certain situation. Indeed, there is no objective reality against which those concerned could be measured in order to come to a conclusion. Further, constructivism and constructionism imply that the social worker departs from a position of "not-knowing". He is therefore not the only skilled person, but seeks, together with the client, new realities that could contain the solution of the problems of the client.*

Alhoewel daar volgens Van Heerden (1997:13) aangevoer word dat sekere kenners meen dat die postmodernisme dood is en daar gevolglik gesoek moet word na nuwe definisies vir die denke wat op grond daarvan ontwikkel, word aanvaar dat daar binne die konteks van die maatskaplike werk nog veel ruimte vir besinning oor die effek van die postmodernistiese epistemologie op die beoefening van die professie is. Die konstruktivistiese en konstruksionistiese gedagtegange sou in dié verband 'n bruikbare raamwerk kon bied om van die beginsels van die postmodernisme nader toe te lig.

Die konstruktivisme word algemeen beskou as 'n onkonvensionele denkwyse wat radikaal staan tot tradisionele denkskole soos byvoorbeeld die positivisme (Von Glasersfeld, 1984:17; Avis, 1990:80 & Hawkins, 1994:9). "Constructvism in its pure, radical sense is incompatible with traditional thinking" (Watzlawick, 1984:15) en vorm deel van die postmodernisme. Tog meen Hawkins (1994:9) dat "[c]onstructivist theory, as we understand it here, is as old as our traditions". Die indruk word gekry dat in verskeie tydperke verskillende filosowe en ander wetenskaplikes soos byvoorbeeld Plato, Sokrates, Kant en Piaget in 'n mindere of meerdere mate beginsels grondliggend aan die konstruktivisme uitgewys het (vgl. Von Glasersfeld, 1995).

Juis omdat die konstruktivistiese denke as radikaal beskou word, kan verwag word dat dit ook 'n radikale invloed op sowel die wetenskapsbeoefening binne maatskaplike werk as die praktykbeoefening van die professie gaan hê. Weens die omvangrykheid en meervoudige dimensies van die konstruktivistiese denke kan daar in die bestek van 'n artikel slegs hoofmomente aangedui word en gevolglik sou die invloed van hierdie denke op maatskaplike werk dus nie volledig bespreek kan word nie. Die argumente wat wel aangevoer word, sou as stimuli kon dien vir verdere gesprekvoering in die verband.

## 1. 'n Omskrywing van konstruktivisme

Die kernbetekenis van skrywers soos byvoorbeeld Von Glasersfeld (1984:24 & 1995:1), Kitchener (1986:102), Held (1990:180), Boyd (1991: 775) en Watts (1994:51) se omskrywings van konstruktivisme en Shaw (1996:177) se omskrywing van die konstruksionisme, kom daarop neer dat die werklikheid gekonstrueer en nie ontdek word nie. Die mens gebruik veral kognitiewe prosesse om die wêreld te konstrueer. Held (1990:180) meen dat "... all knowledge of the world is the result of our own constructing, ordening, inventing, languaging, constituting, creating (and so forth) processes, and not the result of our discovery of how the world really is". Vanuit die Opvoedkunde sluit Watts (1994:51) hierby aan as hy sê: "... constructivist learning is always an interpretative process

involving individuals' constructions of meaning relating to specific occurrences and phenomena".

Von Glasersfeld (1984:24) lê klem op die rol wat ervaring speel in die ontwikkeling van kennis van die werklikheid. Op die vraag wat konstruktivisme impliseer, antwoord Von Glasersfeld (1995:1) soos volg: "It is an unconventional approach to the problems of knowledge and knowing" en gaan later voort deur te sê dat die konstruktivisme "... has nothing to say about what may or may not exist. It is intended as a theory of knowing, not as a theory of being" (Von Glasersfeld, 1995:113). Die klem val dus op die beskrywing van die proses wat die daarstelling en ontwikkeling van kennis tot gevolg het.

Shaw (1996:177) sien *social constructionism* as deel van die konstruktivistiese denkrigting wat tot verdere uitbreiding van dié denke lei wanneer hy sê dat "[s]ocial constructionism extends the constructionist view by explicitly including as constructions the social relations and social activities that become shared outcomes and artifacts at work in the developmental cycle". Om die realiteit in 'n bepaalde situasie te konstrueer, sluit dus meer as net kognitiewe prosesse in. Die sosiale interaksie of wisselwerking tussen persone vorm 'n proses waartydens die vorming van konstrukte en meegaande werklikheidskepping plaasvind (vgl. ook 2.4).

Op grond van bogenoemde omskrywings kan hierdie gevolgtrekking gemaak word: *die konstruktivisme impliseer 'n denkskool wat werklikheidskonstruering as 'n proses sien waartydens 'n subjektiewe realiteit tot stand kom. Hierdie realiteit word gerig deur ervaring en bestaande kennisraamwerke binne 'n sosiale milieu van interaksie.*

## 2. Teorieë ten grondslag van die konstruktivisme

Daar is veral vier teoretiese strominge wat die konstruktivisme ten grondslag lê, naamlik Maturana se struktuurdeterminisme, die persoonlikheidskonstrukteteorie van Kelly, Von Glasersfeld se radikale konstruktivisme en die sosiaal-konstruksionisme. Dié teorieë fokus op faktore wat werklikheidskepping vanaf 'n interne tot eksterne vlak beïnvloed.

### 2.1 Maturana se struktuurdeterminisme

Die kern van Maturana ('n professor in biologie) se teorie wat impliseer dat enige organisme of sisteem (biologies sowel as sosiaal) se optrede bepaal word deur sy interne strukturele samestelling, word deur Efran en Lukens (1985:24) by wyse van die volgende ses uitgangspunte verduidelik.

### 2.1.1 Lewende sisteme is struktuurbepalend ("structured-determined")

Enige lewende organisme of sisteem se optrede of gedrag word bepaal deur sy interne strukturele samestelling, of soos Efran en Lukens (1985: 24) dit stel: "... their operation is a function of how they are built, arrayed, put together". Lewende sisteme en dus ook die mens se reaksies en optredes word gerig deur sy unieke totale interne "bou". Dit sou die senustelsel, maar ook kognisie kon insluit.

Hierdie uitgangspunt impliseer onder andere dat verskillende lewende organismes vanweë hulle unieke samestelling verskillend in dieselfde situasie mag reageer. Alhoewel soortgelyke spesies meer ooreenstemmende reaksies mag toon, is daar tog nog steeds individuele verskille. Die meeste voëls mag op gevaar reageer deur weg te vlieg, maar dan verskil die spoed en wyse waarop hulle wegvlug van mekaar. Vier individue wat saam buite in die son staan, sal nie op dieselfde tyd ewe warm kry, op dieselfde plekke begin perspireer nie, nie op dieselfde plekke en graad begin rooi wys op die vel nie en waarskynlik ook nie op dieselfde tydstip besluit om uit die son te beweeg nie. Hierdie verskille binne dieselfde spesie bevestig verder die uniekheid van die samestelling van elke afsonderlike lewende organisme en die gevolglike unieke reaksie en gedrag.

'n Verdere implikasie is dat eksterne stimuli nie die enigste faktor in die reaksie of gedrag van lewende sisteme is nie. Volgens Leyland (1988: 359) het Maturana tot die gevolgtrekking gekom dat "... the nervous system responds to the environment in a manner determined by its own self-referring organization and structure, and not in a way determined by external stimuli". Alhoewel die omgewing eksterne stimuli kan verskaf wat reaksie by lewende sisteme soos byvoorbeeld die mens ontlok, word die aard van die reaksie nog steeds deur die interne samestelling en prosesse van die sisteem bepaal.

### 2.1.2 Lewende sisteme is geslote vir inligting van buite ("organisationaly closed")

Die interne organisasie van 'n sisteem word nie bepaal deur magte van buite nie. Gevolglik het inligting van buite nie 'n bepalende effek op die reaksie van die sisteem nie, want "[i]t is the system that specifies how it will behave, not the 'information'" (Leyland, 1988:361). Inligting het geen betekenis nie, behalwe vir die betekenis wat die sisteem daaraan gee.

Aangesien hierdie gedagtegang impliseer dat een mens nie 'n ander se optrede finaal kan bepaal nie, beteken dit onder andere dat die mens dus nie werklik ander persone vir sy optrede verantwoordelik kan hou nie. Verder sou dit ook kon impliseer dat 'n hulpverlener soos byvoorbeeld 'n

maatskaplike werker nie 'n persoon se optrede/gedrag kan verander nie. Verandering kan slegs plaasvind as die individu by wyse van sy interne prosesse andersoortige betekenis aan bepaalde inligting gee wat weer tot 'n andersoortige reaksie kan lei. Alhoewel die indruk kan ontstaan dat die mens dus as't ware die gevangene van sy eie fisiese samesteliing is, word die gedagte tog verbreed as in ag geneem word dat die interne prosesse van die sisteem nie net op fisiologiese fasette dui nie, maar ook ruimte laat vir kognitiewe en meegaande emosionele en geestesprosesse.

### 2.1.3 Die verhouding tussen 'n struktuurbepaalde sisteem en die milieu waarin dit bestaan ("structural coupling")

Alhoewel Maturana sterk klem lê op die rol van interne prosesse van die mens in die bepaling van sy realiteit en meegaande gedragsuitinge, beklemtoon hy die koppeling ("coupling") wat tussen verskillende lewende komponente lei tot die vorming van sisteme. Sodanige sisteme verwys na alle menslike en dierlike interaksionele sisteme. Die individu bestaan met ander woorde nie in 'n vakuum nie, maar wel in komplekse interaksionele sisteme wat as't ware outomaties gevorm word. Voorbeelde van sulke sisteme is onder andere die gesin, skool, sosiale klub, ensovoorts. Hierdie koppelinge is nodig vir voortbestaan, dit is eintlik waarom lewe gaan "– life is a succession of 'structural couplings'" (Efran & Lukens, 1985:25).

Verhoudings tussen mense kan dan eintlik gesien word as dit waarom die lewe gaan en taal as die fundamentele element in die ontwikkeling daarvan, soos dit uiting vind in verskillende verbintenisse tussen mense. Dit is by wyse van interaksie dat mense dus met mekaar in verhouding tree en verskeie verbintenisse tussen verskillende individue vorm. Deur middel van interaksie tree individue met hulle eie unieke interne strukturele prosesse met mekaar in verhouding en vorm eie unieke "couplings", eenhede of groepe.

Dit is insiggewend dat Leyland (1988:362) meld dat hoewel die interne struktuur van die sisteem, met ander woorde ook van die mens, sy reaksies bepaal "... that interaction ... leads to structural change which alter the future behaviour of the system". Die indruk word dus gekry dat die argument dat gedrag slegs bepaal word deur die interne strukturele samestelling en voortspruitende prosesse van die sisteem – veral in die geval van die mens – nie stand hou nie, aangesien die interaksie tussen verskillende individue 'n invloed het op die interne prosesse waarmee die individu betekenis aan eksterne stimuli gee.

### 2.1.4 Elke lewende sisteem beweeg "doelloos" voort totdat dit disintegreer

Efran en Lukens (1985:24) verduidelik dat "[t]he career of a living system consists entirely of a purposeless 'drift' in a medium". Die mens beweeg dus voort deur die lewe sonder dat daar 'n bepaalde doel of rigting nagestreef word. Dit duur voort totdat hy uiteindelik disintegreer, met ander woorde tot sy dood. Indien dié stelling letterlik vertolk word, skep dit 'n mistroostigheid met betrekking tot die sin en betekenis van die lewe, so asof die mens se bestaan net gaan om 'n doellose voortbestaan, of dat hy nie in staat is om 'n bepaalde doel of rigting na te streef nie. Alhoewel dit implisiet uit hierdie siening van Maturana afgelei kan word, word aanvaar dat hy veel meer daarmee probeer sê.

Volgens Efran en Lukens (1985:24) hou Maturana se verdere uitbreiding op hierdie gedagte in dat daar voortdurende responsveranderings plaasvind na aanleiding van veranderings in die eksterne omgewing en interne versteurings. Hierdie proses van voortbeweeg deur die lewe met voortdurende responsaanpassings na aanleiding van interne en eksterne stimuli, vind dus byna onwillekeurig plaas en duur voort totdat die dood intree. Die mens bevind hom dus in 'n situasie van wisselwerking tussen die omgewing en sy interne interaksieprosesse en aldus staan sy gedragsreaksies in noue verband met die totale omgewing waarin hy leef. Sodanige siening van die mens kan impliseer dat die mens dus in 'n groot mate die "slagoffer" is van bepaalde stimuli waaroor hy nie noodwendig beheer het nie. Indien aanvaar word dat die individu wel sy reaksies op sodanige stimuli, na aanleiding van bepaalde kulturele en religieuse waardeoortuigings, kan reguleer, sou hy dus met groter selfbeskikking en doelgerigtheid nie net as 'n slagoffer van sy situasie hoef te eindig nie.

### 2.1.5 Mense is waarnemende sisteme

Die mens is 'n waarnemende sisteem wat sy waarnemings beskryf, onderskei en uitbeeld met woorde en simbole; hy gebruik taal dus om sy waarnemings te beskryf (Efran & Lukens, 1985:24). Dit is dus by wyse van waarneming en die uitdrukking daarvan in taal, dat die mens vir hom 'n werklikheid konstrueer waarin hy voortbestaan. Konstruering van realiteite is dus van waarnemers se teenwoordigheid en reaksies afhanklik. Alhoewel die mens deur die benutting van taal die illusie skep dat daar 'n werklikheid buite homself is, is dit net 'n illusie, want daar is geen werklikheid buite die waarnemer nie, want net dit wat waargeneem word, kan tot werklikheid gekonstrueer word.

Dit kom dus daarop neer dat elke individu die omgewing rondom hom waarneem, bepaalde betekenis daaraan heg na aanleiding van sy eie

unieke interne kognitiewe prosesse en by wyse van taal daaraan uitdrukking gee. Die mens kan ook nie die domein van sy eie interaksie of taalgebruik verlaat nie, met ander woorde hy kan nie sy eie werklikheidskepping verlaat nie. Dit het tot gevolg dat daar nie 'n objektiewe "onafhanklike" realiteit bestaan wat as norm of kriteria vir die ideale werklikheid kan dien nie. Wanneer 'n maatskaplike werker byvoorbeeld 'n gesins- of gemeenskapsituasie beskryf, is dit maar net nog 'n werklikheidskepping oor die bepaalde gesin of gemeenskap. Dit beteken die aantal gesinne en gemeenskappe word bepaal deur die aantal persone wat die gesin of gemeenskap waarneem. Daar bestaan dus nie 'n objektiewe beskrywing van enige gesin of gemeenskap deur iemand nie, maar slegs subjektiewe konstruerings wat bepaal word deur die uniekheid van die betrokkenes wat deel vorm of waarnemers is van die besondere gesin of gemeenskap.

### 2.1.6 Geen objektiewe heelal of wêreld kan "geskep" word nie

Wanneer die mens voorwerpe bestudeer en meen dat objektiewe kennis daaroor bestaan of ontwikkel kan word, word uit die oog verloor dat dié kennis slegs produkte is van sy senustelsel en kognitiewe aktiwiteite. Daar is geen objektiwiteit nie – slegs "objectivity in parentheses" (Efran & Lukens, 1985:24). Die realiteit word dus deur elke individu geskep en volgens Simon (1985:32) besluit 'n groep waarnemers wat die realiteit is. Mense gee betekenis aan hulle waarneming van die wêreld deur dit taalkundig te verwoord en besluit dan saam wat die realiteit is. Verskillende groepe mense se realiteitskepping van dieselfde voorwerp sal gevolglik verskil. In 'n Westerse gemeenskap sal mense ooreenkom dat 'n bepaalde houtvoorwerp 'n stoel is, met die funksie dat daarop gesit kan word. Indien dieselfde voorwerp aan 'n groepie Boesmans getoon word, is die waarskynlikheid goed dat hulle met mekaar sal ooreenkom dat die voorwerp vuurmaakhout is en aldus gebruik kan word. As dieselfde voorwerp aan 'n groepie afgeleë Eskimo's gewys sou word, mag hulle dalk meen dat indien jy dit in 'n sekere posisie gebruik, dit as slee kan dien. Die vraag is nou wie van die groepe se werklikheidskepping is korrek en objektief? 'n Moontlike oplossing vir die probleem is om te aanvaar dat elke groep mense 'n eie unieke werklikheid "skep" en dat die een groep dus nie meer korrek as die ander is nie.

Maturana se sieninge kan soos volg saamgevat word: ... no knowledge about an objective reality is possible, because reality is 'observer dependent'" (Colapinto, 1985:29), en die waarnemer se waarnemings word bepaal deur sy unieke samestelling en interne interaksieprosesse. Al sou daar dus 'n objektiewe realiteit bestaan, is die vraag dus wie sou daarvan bewus kon wees, want geen werklikheid kan geken word anders

as volgens die waarnemer se unieke subjektiewe konstruering daarvan nie.

## 2.2 Kelly se persoonlikheidskonstrukteteorie

George Kelly wat aanvanklik as ingenieur opgelei is en hom later ook as sielkundige bekwaam het, het in die vyftigerjare 'n kognitiewe teorie oor persoonlikheid geformuleer. Dié teorie wat bekend staan as die "Personal Construct Theory" is vanuit 'n konstruktivistiese standpunt ontwikkel en het as sodanig 'n belangrike bydrae gelewer tot die konstruktivistiese denkskool en voortvloeiende terapeutiese werkswyses (vgl. Hjelle & Ziegler, 1983:321-323; Feixas, 1990:2-3).

Volgens Hjelle en Ziegler (1983:324) ontwikkel Kelly die persoonlikheidskonstrukteteorie op grond van 'n enkele filosofiese vooronderstelling, naamlik die konstrukte-alternativisme ("constructive alternativism"). Ten einde die persoonlikheidskonstrukteteorie in perspektief te kan plaas, is dit dus nodig om eers te let op die belangrikste uitgangspunte van die konstrukte-alternativisme, met die uiteindelike doel om dié teorie se implikasies in die breër raamwerk van die konstruktivisme te beredeneer.

### 2.2.1 Konstrukte-alternativisme

Die basiese uitgangspunt van die konstrukte-alternativisme is dat "... all present interpretations of the universe are subject to revision or replacement" (Hjelle & Ziegler, 1983:324). Daar bestaan dus nie 'n objektiewe interpretasie van die werklikheid nie, want elke persoon skep die realiteit of waarheid volgens sy eie interpretasie; verskillende persone konstrueer volgens eie interpretasies 'n realiteit. Verder kan en word hierdie interpretasies voortdurend hersien en aangepas. Behalwe dat individue uniek is ten opsigte van hulle interpretasie van die werklikheid en daar dus soveel moontlike werklikhede is as wat daar individue is, kan elke individu ook verskillende alternatiewe interpretasies nahou oor die realiteit. Enige aangeleentheid of gebeurlikheid kan dus vanuit 'n variasie perspektiewe beskou word.

Verdere implikasies van dié uitgangspunt is onder andere die volgende:

- Interpretasies van 'n bepaalde gebeurlikheid of aangeleentheid kan altyd weer verander of aangepas word.
- Die mens vorm voortdurend hipoteses oor die realiteit waarmee gepoog word om lewensgebeure te antisipeer en te kontroleer.

- Aangesien menslike gedrag ook deel van die realiteit is, geld dieselfde argument dat sodanige gedrag volgens verskillende alternatiewes geïnterpreteer kan word (vgl. Hjelle & Ziegler, 1983:325).

### 2.2.2 Die persoonlikheidskonstrukteteorie

Met die persoonlikheidskonstrukteteorie fokus Kelly op die psigologiese prosesse wat 'n persoon in staat stel om sy lewensgebeurlikhede te orden en te verstaan. Volgens hom vorm die mens konstrukte waarmee hy gebeure in sy lewe beskryf en begryp. 'n Konstruk verwys na "... a category of thought by which the individual construes or interprets, his or her personal world of experience. It represents a consistent way for the person to make sense of some aspect of reality in terms of similarities and contrasts" (Hjelle & Ziegler, 1983:327). Elke mens vorm dan sy eie konstrukte of denkraamwerke wat ooreenstemmende en kontrasterende elemente bevat. Dit is dan juis as gevolg van die aanduiding van die kontraste dat betekenisgewing in 'n bepaalde situasie (insluitend sowel fisiese as sosiale omstandighede) plaasvind (Feixas, 1990:2-3).

'n Bepaalde konstruk is net vir sekere gebeure relevant en is nie sonder meer op enige situasie van toepassing nie (Hjelle & Ziegler, 1983:329). Die gevolg is dat 'n groot verskeidenheid konstrukte nodig is om gebeure te interpreteer en te antisipeer. Vir die beskrywing van 'n rugbyspeler se spel en 'n pianis se klavieruitvoering kan sekere konstrukte soos entoesiastiese of dooierige spel algemeen gebruik word. Slegs die konstruk van gevoelvolle en onsensitiewe vertolking van die komponis se werk, is egter op die pianis van toepassing en vuil of skoon spel op die rugbyspeler.

### 2.2.3 Implikasies van Kelly se teorie

Die mens funksioneer ooreenkomstig sy verwagtings en voorspellings van gebeure. Gedrag word dus bepaal deur 'n individu se konstrukte wat aangewend word in die antisipering van toekomstige gebeure (Hjelle & Ziegler, 1983:332-333). Indien 'n persoon byvoorbeeld antisipeer dat 'n vakansie baie eensaam gaan wees, kan verwag word dat gedrag dienooreenkomstig gerig gaan word. So 'n persoon sal heel waarskynlik vakansiereëlings probeer tref om nie alleen te wees nie.

Elke individu se konstrukte waarmee hy die realiteit konstrueer en toekomstige gebeure antisipeer, is uniek en verskil gevolglik dikwels van die konstrukte en konstrueringsprosesse van ander persone. "Each person construes reality through his or her unique personal construct 'goggles'" (Hjelle & Ziegler, 1983:333). Dit kan tot gevolg hê dat individue, maar ook groepe van mekaar kan verskil in hulle werklikheid-

skepping van bepaalde aangeleenthede. Daar kan voorsien word dat dit dikwels besluitnemingsprosesse in groepe of gemeenskappe kan bemoeilik en selfs tot konflik kan lei. Persone wie se konstrukte en dus meegaande realiteite verskil, kan beleef dat daar nie onderlinge begrip vir mekaar is nie. Interpersoonlike interaksie en verhoudings gaan uit die aard van die saak spesifiek hierdeur beïnvloed word. Hjelle en Ziegler (1983:338) noem dan ook dat "... social interaction consists primarily of one person trying to understand how another person perceives and interprets his or her environment". Wanneer 'n bepaalde groep in 'n gemeenskap meen dat daar voorkeur aan die bou van sportterreine gegee moet word, terwyl 'n ander groep weer antisipeer dat dit vir die gemeenskap meer voordelig sal wees om 'n teater met die beskikbare geld te bou, kan konflik ontwikkel omdat daar 'n verskil in die groepe se konstruering van die realiteit is en 'n gebrek aan onderlinge begrip gevolglik ervaar word.

## 2.3 Die radikaal-konstruktivisme

Die radikaal-konstruktiviste fokus op 'n epistemologie wat veral klem lê op die rol van kognitiewe prosesse na aanleiding van eie ervaring in die daarstelling van kennis oor die realiteit. "It starts from the assumption that knowledge, no matter how it be defined, is in the heads of persons, and that the thinking subject has no alternative but to construct what he or she knows on the basis of his or her own experience" (Von Glasersfeld, 1995:1). Dit sluit aan by Kelly se persoonlikheidskonstrukte-teorie, maar is net baie meer radikaal. Volgens Kenny (1988:37) maak Von Glasersfeld (1984) 'n onderskeid tussen die "trivial" en "radical" konstruktiviste. Kelly wat as 'n "trivial" (nie 'n beduidende of ekstreme) konstruktivis bekend staan, verskil van die radikale konstruktiviste daarin dat hy wel glo in 'n objektiewe ontologiese realiteit. In teenstelling hiermee meen Von Glasersfeld dat daar slegs 'n wêreld is wat deur ons eie ervarings en meegaande kognitiewe prosesse geskep word; dus 'n subjektiewe realiteit (vgl. Von Glasersfeld, 1995:25-27 & 119).

### 2.3.1 Omskrywing van die radikaal-konstruktivisme

Von Glasersfeld (1984:39) kom na 'n beredenering oor die ontwikkeling van kennis oor die realiteit tot die gevolgtrekking dat "... it will be obvious that radical constructivism itself must not be interpreted as a picture or description of any absolute reality, but as a possible model of knowing and the acquisition of knowledge in cognitive organisms that are capable of constructing for themselves, on the basis of their own experience, a more or less reliable world". Elke individu beskik dus oor kognitiewe eienskappe wat sy ervarings van die realiteit tot 'n eie betroubare wêreld kan konstrueer. Weens die uniekheid van elke individu se kognitiewe

reaksie op ervarings kan dus aanvaar word dat sy werklikheidskepping ook uniek sal wees en gevolglik ook subjektief. Daar word egter aanvaar dat ooreenkomste tussen die werklikhede van verskillende individue mag voorkom. Wanneer dit sneeu, is die waarskynlikheid byvoorbeeld groot dat tien en selfs meer persone die klimaatsomstandighede as koud en onguur sal beskryf, maar dat daar verskille mag wees in hulle ervaring van die intensiteit van die koue. Alhoewel die indruk verkry word dat verskillende persone een objektiewe werklikheid geskep het, is daar te midde van die eendersheid nog steeds kleiner verskille en aldus subjektiewe realiteite wat in afhanklikheid van spesifieke persone se ervarings en meegaande kognitiewe aktiwiteite geskep is. Ten einde die argument verder toe te lig is dit nodig om op die breër uiteensetting van Von Glasersfeld (1984 & 1995) se idees te let.

### 2.3.2 Kernidees van die radikaal-konstruktivisme

Ten einde die konstruktivistiese argumente te begryp en binne die breë raamwerk van denkskole te plaas, is dit nodig om op 'n basiese epistemologiese probleem te let. Dit gaan oor die kwessie van die daarstelling van kennis oor die realiteit en hoeveel waarheidsmomente daar in die kennis is, met ander woorde wat is die waarheid? Net soos Plato, worstel hedendaagse filosowe nog steeds met dieselfde vraag (Von Glasersfeld, 1984:19). Alhoewel sovele argumente vanuit verskillende denkskole aangevoer is om die ontstaan en vestiging van kennis en die waarheidsmomente daarin te verduidelik en te bevestig, blyk dit dat hierdie argumentasie tot die einde van die tye sal voortduur. Dit is amper asof elke volgende geslag in sy unieke lewensomstandighede nuwe antwoorde in dié verband probeer vind en aanvoer. 'n Mens sou byna kon sê: kennisontwikkeling en die daarmee gepaardgaande konstruerings van die werklikheid en waarheidsbepaling is 'n dinamiese proses wat in verskillende tydsituasies verskillende dimensies kan aanneem. Kennis, die realiteit en die waarheid is dus dinamies van aard en vatbaar vir uitbreiding, verandering en aanpassing. 'n Verdere vraag wat nou gevra kan word, is waaraan hierdie dinamika te danke kan wees? Is dit die skepper van kennis of die situasie waarin dit plaasvind, of albei?

Dit wil voorkom asof filosowe in 'n poging om bogenoemde epistemologiese dilemma op te los by twee denkpole uitgekom het, naamlik dat kennis aangaande 'n objektiewe realiteit bestaan wat dan die waarheid sou impliseer. Daarteenoor bestaan die konstruktivistiese siening dat die realiteit op subjektiewe wyse deur ervaring geskep word. Filosowe soos Pyrrhon en Sextus Empiricus wat onderskeidelik 400 jaar v.C. en 100 jaar n.C. geleef het, het alreeds konstruktivistiese beginsels neergelê deur verskeie voorbeelde te gee wat daarop dui dat '... perceptions and the judgements based on them [human senses] were influenced by

context and human attitudes and therefore could not be trusted to provide a true picture of the real world" (Von Glasersfeld 1995:26). Selfs nadat Kant later jare dit duidelik gestel het dat die mens nie natuurwette deur middel van sy kognisie ontdek nie, maar dit self indra, beskou baie wetenskaplikes hulle vandag nog as die ontdekkers van onbekende natuurgeheimenisse (Von Glasersfeld, 1984:20). Dit is byna asof hierdie toutrekkery die dilemma net verder aksentueer en in 'n sekere sin die konstruktivistiese idee beklemtoon dat daar nie net een werklikheid en een absolute waarheid is nie.

Die belangrikste uitgangspunte en implikasies van die radikaal-konstruktivisme is onder andere die volgende:

- Een van die mees fundamentele uitgangspunte van die radikaal-konstruktivisme is "... that the world which is constructed is an experiential world that consists of experiences and makes no claim whatsoever about 'truth' in the sense of correspondence with an ontological reality" (Von Glasersfeld, 1984:29). Die mens se ervaring of belewenis van sy wêreld is bepalend in die skepping van hierdie wêreld. Vanaf die mens se geboorte bevind hy hom voortdurend in 'n ervaringsituasie waaruit hy sy werklikheid skep. Hierdie ervaringselemente sluit sy totale omgewing in – vanaf klimaatstoestande tot sosiale verkeer met ander mense. Die konstruering van sy wêreld of dan die skeppingsproses vind outomaties plaas, met ander woorde hy besluit nie of hy aan die skeppingsproses wil deelneem of nie – dit is deel van sy menslike bestaan. Die inhoud en betekenis wat hy aan sy ervaringswêreld gee, vind egter nie so outomaties plaas nie. Hy benut sy eie unieke kognitiewe prosesse om die ervaringswêreld tot 'n eie realiteit te skep.

- Die siening dat die mens sy kognisie gebruik om werklikheidskepping te laat plaasvind, is volgens Von Glasersfeld (1995:18 & 51) 'n kernbeginsel van die radikaal-konstruktivisme. Hy verduidelik dat "... the function of cognition is adaptive, in the biological sense of the term, tendering towards fit or viability; cognition serves the subject's organization of the experiential world, not the discovery of ontological reality". Na aanleiding van dié beginsel kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die interne organisasie van die ervarings van 'n individu nie sonder kognisie kan plaasvind nie. Werklikheidskepping is dus afhanklik van veral twee komponente, naamlik die individu se belewing van sy omgewing en die kognitiewe prosesse wat op hierdie belewenisse of ervarings reageer met prosesse wat die konstruering van 'n eie unieke realiteit tot gevolg het.

- 'n Tweede fundamentele beginsel van die radikaal-konstruktivisme handel oor die ontwikkeling van kennis en word deur Von Glasersfeld (1995:51) soos volg uiteengesit: "Knowledge is not passively received either through the senses or by way of communication; knowledge is actively built up by the cognizing subject". Kennis word dus nie ekstern bekom nie, maar deur interne kognitiewe aktiwiteite ontwikkel. Na aanleiding van die mens se ervaringswêreld wat alle interne en eksterne blootstelling insluit – blootstelling met ander woorde van die waarneming van die reuk van 'n blom tot die lees van 'n boek – word deur die mens se kognitiewe prosesse verwerk tot 'n realiteit en meegaande kennis.

- Von Glasersfeld (1984:27-28) redeneer verder dat 'n mens alleen kennis kan hê van iets wat hy self gemaak het. Hy kan dus net kennis hê van 'n werklikheid wat hyself geskep het. Vico het al in 1710 hierdie epistemologiese idee gehuldig en volgens hom is "... the only way of 'knowing' a thing is to have made it, for only then do we know what its components are and how they were put together" (aangehaal deur Von Glasersfeld, 1984:27-28). Die wêreld wat die individu dus beleef of ervaar en aldus kennis van het, is soos wat dit is omdat die individu self tot so 'n samestelling gekom het.

- Die mens gee uitdrukking aan sy realiteit en kennis deur middel van kommunikasie en die benutting van taal. Kommunikasie sou hier dui op verbale en nie-verbale uitdrukking. Daar is nie een universele verbale taal wat deur alle mense gebruik word nie en taalgebruikers van dieselfde taal mag ook verskillende betekenisse heg aan dieselfde konsepte. So kan verskillende persone verskillende begrippe gebruik om dieselfde situasie te beskryf. Dié verskynsel beklemtoon verder die uniekheid van realiteitskepping.

- Die wyse waarop ervarings gekonstrueer word, word noodwendig beïnvloed en bepaal deur tyd, ruimte en ander elemente voortspruitend hieruit. Huidige ervarings word gewoonlik met voriges vergelyk ten opsigte van die mate van verskil of ooreenstemming wat daar mag wees. Daar kan aanvaar word dat die konstruering van werklikhede na aanleiding van die mens se ervarings en belewenisse 'n dinamiese proses is wat tot die einde van sy lewe voortduur. Daagliks is hy aan nuwe ervarings blootgestel wat tot realiteitskeppings lei.

- 'n Belangrike uitvloeisel van die radikaal-konstruktivistiese argumentasie is dat daar nie objektiewe kennis of objektiwiteit as sodanig bestaan nie. Die skeptici beklemtoon die feit dat menslike oordeel

beïnvloed word deur die konteks en menslike houdings, met die gevolg dat objektiwiteit eintlik nie moontlik is nie.

Waarneming van die wêreld en die interpretasie daarvan bly steeds 'n menslike beskouing ("human view"). Die vraag bly hoe bepaal kan word of 'n individu se persepsie van die wêreld korrek is, want waarmee kan dit vergelyk word om sodanige bepaling te doen? Al wat beskikbaar is, is die persepsies van ander persone waarmee so 'n individu sy eie kan vergelyk en daar word aanvaar dat hulle presies dieselfde dilemma ervaar. Dit blyk dus dat daar verskeie persepsies oor die wêreld gevorm kan word en dat dit onmoontlik is om die grade van korrektheid van almal te bepaal. Daar is dus nie een objektiewe persepsie of werklikheid waaraan ander realiteite gemeet kan word nie (vgl. Von Glasersfeld, 1995:25 & 119).

Dit is insiggewend dat Von Glasersfeld (1995:5) noem dat Berkeley wat 'n gelowige Christen was by hierdie argumentasie bygevoeg het dat "... because God perceives all things all the time, their permanence is assured". Hy suggureer dus dat in die lig van God se alomteenwoordigheid alles nie relatief is nie, maar dat daar wel 'n vaste waarheid bestaan. Daar sou verder aanvaar kan word dat slegs God die vaste waarheid ken en dat die mens weens sy beperktheid nooit dié waarheid volledig sal begryp nie, maar dit slegs volgens sy uniekheid en beperkte kennis met subjektiewe en onvolledige konstruksies van die waarheid te make sal hê. God openbaar Hom deur die Heilige Gees op unieke wyse aan elke individu volgens sy besondere behoeftes en omstandighede. Dit blyk onder andere uit die unieke wyse waarop Jesus teenoor die verskillende dissipels gereageer het. Alhoewel geloofsgroepe eenstemmigheid met betrekking tot Skrifbeginsels mag hê, kom daar steeds nuwe interpretasies na vore. Verder kan aanvaar word dat individue op verskillende tye van hulle lewe in verskillende omstandighede aan dieselfde Skrifgedeeltes verskillende betekenis sal heg. Alhoewel die betekenisse waarskynlik nie kontrasterend tot mekaar is nie, maar aanvullend, bly dit dus nie konstant dieselfde nie.

- Die voorafgaande argumentasies van die radikaal-konstruktivisme impliseer ten slotte dat die mens verantwoordelik is vir sy denke, sy kennis en wat hy doen – dit wil sê die wyse waarop die mens bepaalde situasies ervaar, interpreteer en tot bepaalde kennis en gevolglike werklikheidskeppings kom, is uniek aan hom gekoppel en onder sy beheer. Die mens is dus ook verantwoordelik en in beheer van die uitdrukking van sy werklikheid en kennis, asook die gevolglike reaksies en gedragsuitinge. Hy kan dus nie die omgewing, ander

persone en/of gebeure blameer vir sy optrede nie (vgl. Von Glasersfeld, 1995:18).

## 2.4 Die sosiaal-konstruksionisme of sosiaal-konstrukteteorie

Alhoewel die *konstruksionisme* en die *konstruktivisme* albei deel vorm van die postmodernisme en verskil van die modernisme se siening met betrekking tot die bestaan van 'n objektiewe realiteit, bestaan daar bepaalde verskille tussen die twee denkrigtings met betrekking tot die wyse van realiteitkonstruering.

### 2.4.1 Die verskil tussen die konstruktivisme en die sosiaal-konstruksionisme

Die vernaamste verskille tussen die konstruktivisme en die sosiaal-konstruksionisme behels onder andere die volgende:

- Volgens die konstruktivisme vind die ontwikkeling van kennis en werklikheidskepping intern plaas. Die mens konstrueer met ander woorde die werklikheid by wyse van interne kognitiewe prosesse na aanleiding van blootstelling of ervarings van sy omgewing. In teenstelling hiermee konstateer die konstruksionisme dat kennis ekstern ontwikkel word en die realiteit aldus ook op eksterne vlak gekonstrueer word. Die individu ontwikkel kennis en die daarmee gepaardgaande werklikheid by wyse van voortdurende interaksie met ander (Shaw, 1996:177).

- Die konstruktivistiese sienings lê daarop klem dat die individu volgens sy unieke samestelling en kognitiewe prosesse 'n werklikheid en meegaande kennis skep, terwyl die konstruksionisme dit as 'n groepsaktiwiteit beskryf (Shaw, 1996:177). "All knowledge, the social constructionists hold, evolves in the space between people, in the realm of the 'common world' or the 'comman dance'" (Hoffman, 1995:8). Deur middel van gesamentlike onderlinge interaksie word konstrukte geskep, gedeel en vervorm tot die ontwikkeling van kennis en konstruering van realiteite.

### 2.4.2 Die konteks waarin werklikheidskepping plaasvind

Volgens die sosial-konstruksionisme vind die sosiale aktiwiteite waardeur nuwe realiteite gekonstrueer word, binne sosiale omgewings plaas. In die ontwikkeling van konstrukte vorm dié sosiale omgewings nie 'n statiese neutrale agtergrond waarteen al die prosesse plaasvind nie, maar "... they are seen instead as intimately involved with the process and outcome of that development" (Shaw, 1996:180). Hierdie sosiale omgewings bied 'n konteks waarbinne nuwe kennis ontwikkel word, deurdat

konstrukte deur die skeppers daarvan gedeel word in 'n voortdurende interaksieproses tussen verskillende individue. Dié konteks bestaan uit drie elemente naamlik,

- sosiale verhoudings en kulturele goedere;
- sosiokulturele aktiwiteite en prosesse;
- geïnternaliseerde en geëksternaliseerde konstrukte.

Die sosiale verhoudings en kultuurgoedere bied as 't ware 'n platform vir sosiaalkulturele aktiwiteite en prosesse om plaas te vind, met die vorming van interne en eksterne konstrukte as resultaat (Shaw, 1996: 181). Hierdie drie elemente staan in 'n dinamiese relasie tot mekaar en vorm 'n proses van wisselwerking en onderlinge beïnvloeding.

Dié proses kan met die volgende voorbeeld geïllustreer word. 'n Groep Afrikaansprekende persone (sosiale verhoudings) kom byeen om die dilemma dat Afrikaans nie meer in skole as voertaal gebruik gaan word nie (sosiokulturele aktiwiteite en prosesse), te bespreek. Tydens die byeenkoms vorm hulle nuwe idees (geïnternaliseerde en geëksternaliseerde konstrukte) oor die effek daarvan op hulle kinders, die voortbestaan van Afrikaans en Afrikanerkultuur as geheel. Uit gesamentlike onderhandelinge kom hulle tot die realiteit dat Afrikaans alleen in skole kan voortbestaan indien privaatskole gestig word. Dit word dan hulle gesamentlike doel waarvoor hulle hul begin beywer (gesamentlike doelstellings).

#### 2.4.3 Die wyse waarop werklikheidskepping en betekenisgewing plaasvind

Werklikheidskepping en die daarmee gepaardgaande betekenisgewing geskied op verskillende wyses. Hierdie aksie manifesteer in die volgende komponente:

- *Interaksie* tussen verskillende individue en groepe is 'n onontbeerlike aktiwiteit in die betekenisgewing aan verskillende ervarings en voorwerpe en die daaruit voortvloeiende realiteitskepping. Greene *et al.* (1996b:225) noem dan ook dat "... a person's sense of reality is 'socially constructed' through interactions with others". Na aanleiding van die interaksies verkry of ontwikkel die individu bepaalde betekenis, interpretasies en aannames oor homself, ander mense en die wêreld. 'n Groep gedragswetenskaplikes sou byvoorbeeld op 'n simposium of navorsingsvergadering na aanleiding van hulle waarneming van 'n bepaalde gedragswyse by 'n individu of individue deur middel van 'n interaksieproses bepaalde betekenis aan die gedrag kon gee en selfs later bepaalde terminologie ontwikkel om die "nuwe

werklikheid" te beskryf. Interaksie is ook 'n dinamiese aktiwiteit, met ander woorde daar is voortdurende beweging, in die sin dat verskillende deelnemers in die interaksieproses voortgaan om wedersyds op mekaar se reaksies te reageer met verdere uitbouing en ontwikkeling in die betekenisse en interpretasies wat aan 'n bepaalde onderwerp of aangeleentheid geheg word.

- Ten einde met mekaar in interaksie te tree is dit nodig om *taal* te gebruik. Hoffman (1995:8) sê dan ook dat "... the social construction theorists see ideas, concepts and memories arising from social interchange and mediated through language". Interaksie tussen groepe en individue vind uitdrukking deur middel van taal, met ander woode "[i]t is in language that we are able to maintain meaningful human contact with each other and through which we share a reality" (Anderson & Goolishian, 1988:377). Taal verskaf simbole om waarnemings te beskryf en betekenis aan situasies te gee. Deur middel van taal gee die mens uitdrukking aan die betekenis wat hy aan bepaalde voorwerpe of gebeure gegee het. Taal is as' t ware die verf waarmee die werklikheid geskilder word.

- Die betekenisse wat tydens die interaksieprosesse tussen mense na vore kom, vorm vertellings of *narratiewe*, wat voortdurend onderling aangepas en uitgeruil word. Selfs probleme wat mense ervaar, is stories waaroor mense ooreenstem en onderling met mekaar deel (Hoffman, 1990:3).

- Werklikheidskepping vind dus plaas deur die voortdurende *gesprekke* of besprekings wat tussen mense in verskillende kontekste en situasies plaasvind. Hoffman (1990:3) meen dan ook "[a]s we move through the world, we build our ideas about it in conversation with other people". Werklikheidskepping is dus nie 'n eenmalige proses nie, maar 'n voortdurende proses van onderhandeling, uitruiling van idees en onderlinge beïnvloeding.

- Interaksie tussen mense het noodwendig tot gevolg dat fasette van *interpersoonlike verhoudings* na vore tree. McNamee en Gergen (1995:5) meld ook dat die konstruksionisme veral fokus op die verhoudingsnetwerke in plaas van net op die individu.

- Greene *et al.* (1996a:172) meen dat *etnisiteit* 'n verdere kritiese faktor is wanneer interpersoonlike interaksie tot die ontwikkeling van 'n werklikheid lei. Verskillende etniese groepe het verskillende waardes, gelowe, rituele en tradisies en verskil gewoonlik ook wat hulle moedertaal betref. Die genoemde skrywers verduidelik verder dat "[j]ust as the family is the context for one's construction of self, one's

ethnic and cultural heritage provides the larger context for the family's construction of its reality" (Greene *et al.*, 1996a:173).

### 2.4.4 Implikasies van die sosiaal-konstruksionisme

Na aanleiding van die sosiale-konstrukteteorie of dan die konstruksionisme se uitgangspunte met betrekking tot die skepping van die werklikheid, kan daar tot die volgende gevolgtrekkings gekom word aangaande moontlike implikasies van dié teorie:

- Omdat die realiteit by wyse van interpersoonlike interaksie gekonstrueer word en dus kan verander van groep tot groep, situasie tot situasie en van tyd tot tyd, kan aanvaar word dat daar nie werklik objektiewe konstruksies van die werklikheid bestaan nie. Realiteite wat byvoorbeeld in die psigologie met betrekking tot menslike gedrag geskep is en in diagnostiese kategorieë soos die DSM III (Revised) & IV verwerk is, sou dan net beskou kon word as nog 'n realiteit wat deur mense geskep is – met ander woorde 'n realiteit wat nie objektief is nie. Die implikasie hiervan is dat daar dus nie sonder meer diagnoses oor mense se gedrag gemaak kan word nie. 'n Sekere groep mense sal bepaalde gedrag moontlik as 'n angsversteuring beskryf, terwyl 'n ander groep vanuit 'n ander konteks daarna kyk en dit as duiwelbesetenheid mag beskryf (vgl. Hoffman, 1995:9).

- Aangesien 'n diagnose maar net nog 'n werklikheidskepping is en dus nie universeel objektief toegepas kan word nie, sou diagnostiese opmerkings in verband met die mens se ontwikkelingstadiums dus ook nie algemeen toegepas kan word nie. Die idee van ontwikkelingsfases word in geheel deur die konstruktioniste bevraagteken. Hoffman (1995:11) verwys in dié verband na Gergen wat sterk argumente teen die ontwikkelingsteorieë aanvoer en "... speaks of the danger of assuming that there is any universal standard by which humans can measure their functioning, and states that the whole idea of the normal lifespan trajectory is seriously deficient ...". Daar kan verwag word dat hierdie argumentasie ingrypende effekte het op die gedragswetenskappe en hulpverleningprofessies, wat in hulle werkswyses sterk steun op die maak van diagnoses of waardebepalings aangaande menslike gedrag en die daaropvolgende terapeutiese intervensies.

- Volgens Hoffman (1995:12) beskou die sosiaal-konstruksioniste emosie nie soseer as 'n interne komponent van die mens nie, maar as deel van die komplekse netwerk van interpersoonlike interaksie. Die bestaan van emosie of dan die individu se ervaring daarvan word nie misken nie, maar dit setel in die interpersoonlike interaksie en dus ook

in interpersoonlike verhoudingsnetwerke. Daar kan dus gestel word dat emosie tussen mense ontstaan, gehanteer en gereguleer word.

## 3. Die konstruktivisme en maatskaplike werk

Die konstruktivistiese denkwyse hou bepaalde implikasies vir die maatskaplike werk as professie en as vakdissipline in en sou na aanleiding van die volgende uitgangspunte geïdentifiseer kon word. Vanweë die benutting van die gesprek as werkswyse in maatskaplike werk, sal die klem veral geplaas word op die invloed wat die konstruksionistiese denke op die beoefening van maatskaplike werk mag hê.

### 3.1 Die mens konstrueer sy eie realiteite

Die uitgangspunt dat die mens sy eie werklikheid skep, impliseer dat die maatskaplike werker dus ook sy eie realiteit skep, onder andere wanneer hy in 'n hulpverleningsituasie, binne 'n individuele, gesins- en gemeenskapskonteks, is. Na aanleiding van Maturana (par. 2.1) se siening dat elke individu vanweë sy unieke interne samestelling 'n eie unieke werklikheid skep; Kelly (par. 2.2) se teorie waarvolgens bepaalde konstrukte van die individu benut word om die realiteit te skep en te antisipeer en Von Glasersfeld (par. 2.3) se uitgangspunt dat unieke kognitiewe prosesse van die individu lei tot sy unieke realiteite, kan aanvaar word dat daar tydens 'n hulpverleningsituasie soveel werklikhede geskep word as wat daar individue betrokke is. Volgens die sosiale-konstrukteteorie skep die mens realiteite by wyse van 'n voortdurende interaksieproses en sien hy hulpverlening dan ook as so 'n proses. Anderson en Goolishian (1995: 27) verduidelik dat "[a]ll human systems are linguistic systems ..." en verwys verder daarna dat "[t]he therapeutic system is such a linguistic system". Maatskaplikewerkhulpverlening sou dan beteken dat daar deur middel van bespreking tussen die maatskaplike werker en kliënt nuwe realiteite geskep word – 'n prosedure wat probleemoplossing mag impliseer.

Na aanleiding van 'n gesprek tussen Maturana en Simon (vgl. Simon, 1985:36), het eersgenoemde genoem dat daar tydens hulpverlening aan gesinne in ag geneem moet word dat die verskillende gesinslede nie net verskillende sienings van hulle gesin het nie, maar daar bestaan 'n afsonderlike gesin vir elke gesinslid. Dit kom daarop neer dat elke gesinslid 'n eie unieke werklikheidskepping oor die gesin het waarvan hy 'n lid is. Daar kan aanvaar word dat dieselfde gebeur met 'n gemeenskap en sy lede, wat dan beteken dat daar soveel gemeenskappe is as wat daar gemeenskapslede is.

Dit sou vir die maatskaplike werker belangrik wees om altyd in ag te neem dat daar nie net een werklikheid van 'n bepaalde gemeenskap bestaan nie. Faktore wat die uniekheid van die verskillende gemeenskapslede se werklikheidskepping beïnvloed, is onder andere kultuur, godsdiens en heel waarskynlik ook historiese oorlewerings wat in 'n bepaalde gemeenskap teenwoordig mag wees. Berlin (1996:327) beklemtoon dat veral kultuur 'n betekenisvolle invloed op ons werklikheidskepping het en noem dat "... the families, communities and opportunity structures into which we are born tell us and show us what things mean and in the process shape our frameworks for understanding".

In 'n omgewing soos Suid-Afrika met sy verskeidenheid van kultuurgroeperings sal die uniekheid in realiteite wat geskep word waarskynlik baie prominent wees. Wanneer die maatskaplike werker van 'n ander kulturele groep is as die gemeenskap waar hy/sy werksaam is, kan 'n betekenisvolle verskil tussen sy/haar realiteit en dié van die gemeenskapslede verwag word; 'n situasie wat veel verg ten opsigte van onderlinge wedersydse begrip. Die feit dat 'n individu deur middel van taal uitdrukking aan sy realiteit gee, sal onderlinge begrip in 'n gemeenskap waar verskillende moedertale gebesig word, waarskynlik verder bemoeilik (Efran & Lukens, 1985:27). Suid-Afrika met sy elf inheemse moedertale bied 'n interessante verskeidenheid gemeenskappe wat noodwendig vir hulle oorlewing en voortbestaan met mekaar moet skakel en aldus voortdurend besig is om wedersyds werklikhede intern en ekstern van mekaar te skep.

As in ag geneem word dat werklikheidskepping deur middel van gesprekvoering onderling plaasvind (par. 2.4.3), kan aanvaar word dat die teenwoordigheid van verskillende tale in dieselfde konteks van werklikheidskepping interessante gevolge op die totale proses daarvan sal hê. Wanneer 'n maatskaplike werker met Afrikaans as moedertaal in 'n oorwegend Sotho-sprekende gemeenskap werksaam is, sou werklikheidskepping alleen by wyse van gesprekvoering kan plaasvind indien albei groepe 'n gesamentlike tweede taal soos byvoorbeeld Engels gebruik, of daar sal van 'n tolk gebruik gemaak kon word wat die situasie nog meer kan kompliseer. Die teenwoordigheid van 'n tolk het tot gevolg dat 'n derde party deel vorm van die proses van werklikheidskepping, met ander woorde alhoewel die tolk veronderstel is om net 'n medium te wees waardeur boodskappe uitgeruil word, is hy weens sy mensheid ook in hierdie situasie 'n werklikheidskepper. Die inligting wat hy onderling uitruil, is onderhewig aan sy unieke benutting van die tale wat ter sprake is asook sy betekenisgewing daaraan.

Aangesien die maatskaplike werker die verskillende werklikhede nie objektief kan waarneem en aan 'n objektiewe realiteit kan meet nie, maar slegs subjektief betrokke is met 'n eie unieke werklikheidskepping oor die situasie, kan hy homself dus nie as die alleenkundige sien nie. Eintlik is die kliënt die kundige ("*expert*") en nie die maatskaplike werker nie. Die maatskaplike werker is alleen die kundige om 'n proses te fasiliteer waartydens die kliënt as die kundige omtrent sy situasie aktief kan deelneem aan die konstruering van nuwe moontlikhede of die herkonstruering van sy situasie. Dit is waarom Anderson en Goolishian (1995:27-29) meen dat die maatskaplike werker uit 'n "not-knowing position" te werk behoort te gaan wat onder andere die volgende impliseer:

- Die maatskaplike werker en kliënt neem saam deel aan die ontwikkeling van nuwe idees, realiteite en betekenisgewing. Dit beteken dat die maatskaplike werker dus nie vanuit 'n outoriteitsposisie aan die proses deelneem nie, maar op gelyke vlak met die kliënt verkeer en is as sodanig 'n mededeelnemer in die proses van werklikheidskepping. Hierdie gedagte sou kon strook met die basiese beginsel van maatskaplike werk, naamlik selfwerksaamheid en selfbeskikking.

- Daar word met hierdie gesamentlike poging tussen die maatskaplike werker en kliënt nie soseer beoog om verandering te bewerkstellig nie, maar wel om nuwe werklikhede of narratiewe te ontwikkel. Alhoewel die gevolg hiervan as verandering geïnterpreteer kan word, behoort die kliënt nie die maatskaplike werker as die inisieerder van verandering te ervaar nie. Die maatskaplike werker beïnvloed slegs die kliënt, gesin of gemeenskap om nuwe betekenisse aan hulle probleme te gee en werklikhede in dié verband te skep wat die oplossing van probleme kan impliseer (vgl. Larner, 1996:426).

- Ten einde die ontwikkelingsproses van nuwe betekenisgewing te laat begin, is 'n konteks nodig waarbinne die maatskaplike werker en kliënt dit moontlik vind om sonder die onnodige ervaring van bedreigdheid 'n gesprek te laat plaasvind. In dié gesprekke kom die bestaande gekonstrueerde werklikhede ter sprake en 'n ontwikkelingsproses van verdere konstruksies realiseer. Die dialoog behoort dus in te hou dat die betrokkenes "... talk 'with' one another and not 'to' one another" (Anderson & Goolishian, 1995:29). Die maatskaplike werker is dus nie 'n kundige om die probleem op te los of verandering te bewerkstellig nie, maar wel om 'n gespreksgeleentheid te skep waaraan almal gemaklik kan deelneem en waartydens ervaar word dat byvoorbeeld nie net die werklikheidskonstruksie van die maatskaplike werker geldig is of nagestreef behoort te word.

- Die rol van die maatskaplike werker tydens die gespreksgeleentheid kan soos volg uiteengesit word:

  ⇒ Dit is belangrik dat die maatskaplike werker tot die gespreksituasie sal toetree sonder vooropgestelde idees, hipoteses of verklarings oor die kliënt se optrede of die sogenaamde probleem. Dié siening herinner sterk aan die tradisionele beginsels in maatskaplike werk om tot die leefwêreld van die kliënt toe te tree en die betoon van respek teenoor die kliënt daarvoor. Die maatskaplike werker behoort dus in ag te neem dat sowel hy as die kliënt oor bepaalde subjektiewe werklikheidskennis beskik en dat die proses van herkonstruering en uitbreiding van kennis tot 'n oplossing vir probleemsituasies mag lei. Dit is egter 'n gesamentlike proses en die gesprek gaan dus nie net lei tot herkonstruering van die kliënt se betekenis wat hy aan die situasie heg nie, maar die maatskaplike werker gaan ook nuwe betekenisse en gepaardgaande werklikheidskonstruerings ontwikkel.

  ⇒ Die maatskaplike werker behoort 'n opregte belangstelling te openbaar en te poog om meer en meer deur die kliënt ingelig te word oor die situasie wat ter sprake is. 'n Houding van geïnteresseerdheid in die kliënt en die totale situasie behoort kenmerkend van die maatskaplike werker se kommunikasie en optrede te wees. Sodoende sou die ontwikkelingsproses in die konstruering van nuwe werklikheidsmomente gefasiliteer kon word. Dit impliseer dus die benutting van 'n dialoog wat plaasvind om nuwe idees, betekenisse en realiteite tot voordeel van die kliënt en die oplossing van sy probleme te laat ontwikkel (vgl. Anderson & Goolishian, 1995:29-32).

### 3.2 Daar bestaan geen objektiewe werklikheid nie

Die feit dat objektiewe kennis van die werklikheid nie bestaan nie, impliseer baie duidelik dat daar dus ook nie iets soos objektiwiteit bestaan nie (vgl. paragrawe 2.1, 2.3.2 & 2.4.4). Daar is dus nie objektiewe verklarings vir gedrag of bepaalde situasies nie. Die maatskaplike werker kan dus ook nie 'n neutrale objektiewe posisie inneem buite die diensleweringsveld of omstandighede van kliënte of gemeenskappe nie. Tydens dienslewering is hy 'n deelnemer aan die totale ontwikkelingsproses van nuwe werklikhede wat verandering in die omstandighede van kliënte of gemeenskappe mag impliseer. Omdat daar nie in situasies aangedui kan word watter aspekte of sienings meer of minder geldig of waar is nie, kan daar ook nie besluit word wat is meer of minder korrek nie. In elke situasie is daar dus meer as een siening en die een is nie meer waar of korrek as die ander nie. Individue sou egter bepaalde

optredes en argumente as meer korrek of aanvaarbaar binne hulle subjektiewe konstruksies van die werklikheid beskou, maar dit beteken nie dat hulle van 'n ander persoon kan verwag om dieselfde beskouing te huldig nie. In die proses van gesprekvoering kan onderlinge beïnvloeding egter wel plaasvind wat dan die ontwikkeling van nuwe beskouings of waardes tot gevolg kan hê. Die konstruktivistiese denke sou egter nie voorsiening maak dat een persoon met die veronderstelling dat sy idees en waardes meer korrek is, hom die reg gee om dit op 'n ander persoon of groep af te dwing nie.

### 3.3 Meting en diagnoses

Aangesien daar nie 'n objektiewe kenniskonstruering van die realiteit bestaan nie, is dit nie werklik moontlik om te bepaal watter inligting of kennis geldig is nie. Daar is dus nie 'n objektiewe kriteria waaraan die inligting gemeet kan word nie en die persone wat die oordeel in so 'n meting sou moes maak, word beperk deur sy eie subjektiewe werklikheidskepping. Die gevolg is dat objektiewe meting en diagnoses oor byvoorbeeld menslike gedrag en sosiale omstandighede dus nie gemaak kan word nie. Indien diagnoses wel gemaak word, is dit maar net nog 'n werklikheidskepping van bepaalde individue. Ander persone kon in dieselfde situasie moontlik andersoortige diagnoses gemaak het.

Ten einde hierdie verskynsel te illustreer, verwys Rosenhan (1984:118-135) na 'n eksperiment wat gedoen is om aan te dui dat psigiatriese diagnoses "... are in the minds of the observers and are not valid summaries of characteristics displayed by the observed" (Rosenhan, 1984:118). Tydens die eksperiment het agt sogenaamde normale persone, met ander woorde persone wat nie enige psigiese probleme ervaar nie, in die geheim toegang tot verskillende psigiatriese hospitale verkry. Ten einde toegelaat te word, het hulle van erkende simptome gekla en is hulle sodoende sonder enige navraag of weiering opgeneem. Alhoewel al die proefpersone daarna maar net hulle ou self was, by die hospitaalroetine ingeval het en in sekere gevalle selfs openlik aantekeninge neergeskryf het van hulle waarnemings en ervarings, is bepaalde diagnoses aan die persone toegedig sonder enige wysigings tydens hulle verblyf in die hospitaal. Hierna is 'n psigiatriese hospitaal in kennis gestel dat daar tydens die volgende drie maande normale persone tot die hospitaal toegang gaan probeer verkry. Na enkele weke, nog voordat enige proefpersoon toegelaat is, het hospitaalpersoneel 'n beduidende getal van die nuwe toelatings beskryf as normaal en dat hulle deel vorm van die groep proefpersone. Indien die hospitaal dus nie vooraf gewaarsku sou wees dat "normale" persone tot die hospitaal toegelaat sou word nie, sou die pasiënte wat werklik om psigiatriese hulp

aangeklop het, waarskynlik as psigiatriese pasiënte met bepaalde geestesiektes gediagnoseer gewees het.

Weens die afwesigheid van objektiewe kennis wat as kriteria kan dien om te bepaal wat waar en geldig is, is 'n maatskaplike werker beperk tot sy eie subjektiewe assessering van 'n kliënt, gesin of gemeenskap. Dit hou verreikende implikasies vir die maatskaplikewerk-praktyk in, waarvan die volgende enkele voorbeelde is. Indien die maatskaplike werker beperk is tot sy eie werklikheidskepping en subjektiewe interpretasies van die toepaslike teoretiese verklarings met betrekking tot 'n kliënt se optrede en omstandighede, kan die vraag gevra word hoe dit moontlik kan wees om 'n geldige objektiewe hofverslag op te stel. Daar sou aangevoer kan word dat so 'n verslag maar net 'n betrokke maatskaplike werker of groep maatskaplike werkers se eie betekenisgewing oor die betrokke kliënt is.

Hulpverleningsmodelle wat sterk gefundeer is op konseptuele raamwerke wat menslike gedrag beskryf en sodoende assesseringskriteria daarstel, blyk ook onvanpas in die konstruktivistiese paradigma te wees, want daar sou geredeneer kon word dat dit maar net nog 'n teorie is wat (om Maturana se uitdrukking te gebruik) in 'n konteks van "objectivity in parenthesis" geskep is. Indien 'n maatskaplike werker byvoorbeeld gesinsterapiemodelle wat op die sisteemteorie gebaseer is, gebruik, sou geredeneer kon word dat die maatskaplike werker se bepaling van byvoorbeeld die gesinsgrense en funksie van die simptoom, onderhewig is aan sy subjektiewe realiteit wat hy oor die gesin nahou. Dit blyk dat die konstruktivistiese denke die geldigheid van die maak van assesserings met betrekking tot menslike gedrag of die funksionering van sisteme baie sterk bevraagteken en eintlik verwerp.

Tipiese konsepte wat algemeen in 'n hulpverleningsprofessie benut word soos byvoorbeeld *probleem,* kom nou ook onder die soeklig, want wanneer is iets nou 'n probleem of kan gedrag as problematies beskryf word. Volgens Efran en Lukens (1985:28) sê Maturana dat "... all problems are in language". 'n Probleem is dus 'n vertelling, met ander woorde 'n narratief of storie wat die verteller volgens sy ervaring en betekenisgewing inklee (vgl. par. 2.4.3). Tydens gesprekvoering tussen die maatskaplike werker en die kliënt sou daar verdere betekenisse aan die probleem gegee kon word, wat dan tot 'n nuwe omskrywing en realiteitskepping aangaande die probleem kan lei. 'n Probleem het dus in elke unieke konteks 'n unieke betekenis en 'n gevolglike effek op die betrokkenes.

'n Mens sou kon verwag dat dieselfde realiteitskepping kan gebeur met betrekking tot konsepte wat vandag algemeen in die konteks van

gemeenskapsontwikkeling gebruik word. Konsepte soos byvoorbeeld bemagtiging, kapasiteitsbou en volhoubaarheid is in terme van die betekenisse wat daaraan geheg kan word, dus onderhewig aan die werklikheidskepping van elke individuele gebruiker daarvan. Hoe meer divers die gemeenskapsamestelling is, hoe meer uiteenlopend sou die betekenis wees wat aan die konsepte gegee kon word. In die Suid-Afrikaanse samelewing wat gekenmerk word deur kulturele diversiteit en 'n verskeidenheid van moedertale, sou verwag kon word dat die betekenisgewing van die genoemde konsepte beduidend uiteen sou loop.

## 3.3 Die hulpverlener bring nie verandering nie

In die lig van die konstruktivistiese argumente dat die maatskaplike werker nie vir die kliënt verantwoordelikheid kan aanvaar nie en in elk geval nie sy werklikheid dié van die kliënt kan maak nie, huldig Maturana volgens Efran en Lukens (1985:23 & 72) die mening dat niemand so arrogant moet wees om te dink dat hy ander persone se lewe kan kontroleer nie. Daar kan slegs 'n konteks van verandering geskep word waarbinne die individu dan self veranderinge kan bewerkstellig. Die maatskaplike werker kan dus nie self mense, gesinne of gemeenskappe verander nie, maar kan slegs 'n konteks skep waarbinne veranderinge deur die betrokkenes self aangegaan word. Verandering word nie deur iemand buite die kliëntesisteem aangebring nie, maar intern deur die sisteem self en wel deur middel van eie interne organisatoriese prosesse (Greene *et al.*, 1996b:225).

'n Terapeutiese konteks waar die kliënt 'n hoë mate van respek en aanvaarding beleef, mag alreeds die belewing van 'n andersoortige ervaring impliseer. Blootstelling aan nuwe inligting en soms deur net deur sy eie stem, argumente en narratief te hoor in die teenwoordigheid van 'n belangstellende, begripvolle luisteraar, behoort 'n ervaringsgeleentheid aan die kliënt te bied, wat die skep van nuwe betekenisse en daarmee gepaardgaande nuwe realiteite tot gevolg kan hê.

Indien 'n persoon sy persoonlike konstrukte waarmee hy realiteite konstrueer, aanpas en uitbrei, behoort nuwe realiteite te volg met gevolglike andersoortige reaksie in die optrede van die persoon (vgl. Feixas, 1990:11-15 & Waring, 1990:401-402). Die bewuswording van eie konstrukte en die blootstelling aan alle vorme van kennis en ervaring het die potensiaal om nuwe konstrukte of ten minste die uitbreiding van bestaande konstrukte by die kliënt of gemeenskap tot gevolg te hê. Wanneer 'n persoon sy beskrywing van 'n voorwerp in terme van swart of wit kan uitbrei na 'n siening dat die voorwerp ook moontlik grys mag wees, dui dit op 'n uitbreiding van sy konstruk dat die voorwerp slegs

swart of wit kan wees. Dié uitbreiding van sy konstruk van swart of wit sal heel waarskynlik 'n verandering in sy gebruik van die voorwerp tot gevolg hê, met ander woorde sy siening/gedrag sal kan verander.

Na aanleiding van die konstruktivistiese argumente blyk dit dus dat 'n maatskaplike werker 'n konteks van verandering kan stel deur die betrokke kliëntesisteem bloot te stel aan nuwe inligting en ervarings wat tydens gespreksgeleenthede verwerk kan word tot nuwe konstrukte, idees, betekenisse en realiteite wat verandering in optrede tot gevolg kan hê. Dit vorm 'n dinamiese proses wat voortduur solank die effek van die konteks van verandering ervaar word. Die bestaan van die konteks van verandering is egter nie net afhanklik van die maatskaplike werker se insette nie, maar kan spontaan ontwikkel as gevolg van ander dinamiese prosesse in die gemeenskap. Tog sou die maatskaplike werker die konteks doelbewus kon rig en inklee ten einde nuwe betekenisgewing en werklikheidskepping te stimuleer. Hierdie konteks kan bepaalde doelwitte van die professie en gemeenskap in die hand werk, soos byvoorbeeld die bemagtiging van individue, gesinne en gemeenskappe tot groter selfstandigheid en selfonderhoudendheid. Die inkleding van sodanige doelwitte sal bepaal word deur die unieke situasie en werklikheidskepping van die betrokkenes. Gemeenskappe sou byvoorbeeld bemagtiging verskillend kan definieer in terme van hulle omstandighede. In een gemeenskap sou bemagtiging byvoorbeeld die verwerwing van 'n matrieksertifikaat beteken, terwyl 'n ander groep die vermoë om vir hulle self kos en water in 'n woestynarea te verkry as bemagtiging beskou.

## 4. Samevatting

Die konstruktivisme is 'n denkrigting eie aan die postmodernisme en aldus in skerp kontras met die positivistiese idees en metodes. Van die vernaamste bydraes tot die ontwikkeling en uitspel van die essensie van konstruktivistiese beginsels vir praktyksituasies is gelewer deur Maturana, Kelly, Von Glasersfeld en sosiaal-konstruksioniste soos Gergen. Hulle fundeer hulle beskouings vanuit verskillende vertrekpunte, naamlik die struktuurdeterminisme, persoonlikekonstrukteorie, die radikaal-konstruktivisme en die sosiale-konstrukteteorie, maar kom tot aanvullende en ooreenstemmende sienings.

'n Basiese uitgangspunt van die konstruktivisme is dat die werklikheid geskep en nie ontdek word nie. Daar is dus nie een objektiewe werklikheid nie, maar 'n verskeidenheid werklikhede wat voortdurend onderhewig is aan aanpassing, uitbreiding en vernuwing. Aangesien daar nie 'n onafhanklike realiteit is waaraan kennis getoets kan word nie, is dit onmoontlik om die geldigheid van sake te bepaal. 'n Verdere gevolg hiervan is dat daar ook nie iets soos objektiwiteit in wetenskaps-

beoefening, en in die beoefening van 'n professie soos maatskaplike werk is nie.

Vir die professie maatskaplike werk hou die konstruktivisme verreikende en ingrypende implikasies in, soos byvoorbeeld dat die maak van universele objektiewe assesserings of diagnoses oor menslike gedrag nie moontlik is nie en dit slegs gemaak kan word met die wete dat dit nie algemeen geldig is nie, maar slegs die interpretasie van 'n betrokke maatskaplike werker of werkers in 'n gegewe situasie. In die lig van die konstruktivistiese denke beweeg die maatskaplike werker tydens 'n gespreksituasie met die kliënt vanuit 'n "not-knowing" posisie en kan hy dus slegs sáám met die kliëntesisteem na nuwe werklikhede met nuwe moontlikhede beweeg. Hopelik kan in dié proses gesamentlik realiteite geskep word wat deur die kliënt as die oplossing vir sy knelpunte ervaar word.

## Bronnelys

ANDERSON, H. & GOOLISHIAN, H. 1988. Human systems as linguistic systems: preliminary and evolving ideas about the implications for clinical theory. *Family Process*, 27(4):371-393.

ANDERSON, H. & GOOLISHIAN, H. 1995. The client is the expert: A not-knowing approach to therapy. (*In* McNamee, S. & Gergen, K.J., *ed.* Therapy as social construction. London : SAGE. p. 25-39.)

AVIS, P. 1990. Strategic family therapy, structural family therapy and constructivism. Johannesburg : Rand Afrikaans University. (M.A. dissertation.)

BERLIN, S.B. 1996. Constructivism and the environment: A cognitive-integrative perspective for social work practice. *Families in Society: The Journal of Contemporary Human Services*, 77(4): 326-335.

BOYD, R. 1991. Confirmation, semantics, and the interpretation of scientific theories. (*In* Boyd, R., Casper, P. & Trout, J.D., *eds.* The philosophy of science. London : MIT. p. 3-35.)

COLAPINTO, J. 1985. Maturana and the ideology of confirmity. *The Family Therapy Networker*, 9(3):29-30.

EFRAN, J. & LUKENS, M.D. 1985. The world according to Humberto Maturana. *The Family Networker*, 9(3): 23-25; 27-28 & 72-75.

FEIXAS, G. 1990. Personal construct theory and systemic therapies: Parallel or convergent trends? *Journal of Marital and Family Therapy*, 16(1):1-20.

GREENE, G.J., JENSEN, C. & JONES, D.H. 1996a. A constructivist perspective on clinical social work practice with ethnically diverse clients. *Social Work*, 41(2):172-180.

GREENE, G.J., JONES, D.H., FRAPPIER, C., KLEIN, M. & CULTON, B. 1996b. School social workers as family therapists: A dialectical-systemic-constructivist model *Social Work in Education*, 18(4): 222-236.

HAWKINS, D. 1994. Constructivism: Some history. (*In* Fensham, P.J., Gunstone, R.F. & White, R.T., *eds.* The content of science: A constructivist approach to its teaching and learning. London : Falmer. p. 9-13.)

HELD, B.S. 1990. What's in a name? Some confusions and concerns about constructivism. *Journal of Marital and Family Therapy*, 16(2):179-186.

HOFFMAN, L. 1990. Constructing realities: An art of lenses. *Family Process*, 29(1):1-12.

HOFFMAN, L. 1995 A reflexive stance for family therapy. (*In* McNamee, S. & Gergen, K.J., *eds*. Therapy as social construction. London : SAGE. p. 7-24.)

HJELLE, L.A. & ZIEGLER, D.J. 1983. Personality theories: Basic assumptions, research, and applications. 2nd edition. Johannesburg : McGraw-Hill.

KENNY, V. 1988. Autopoiesis and alternativism in psychotherapy: fluctuations and reconstructions. (*In* Fransella, F. & Thomas, L., *eds*. Experimenting with personal construct psychology. London : Routledge & Kegan Paul. p. 36-47.)

KITCHENER, R.F. 1986. Piaget's theory of knowledge: Genetic epistemology & scientific reason. London : Yale University Press.

LARNER, G.L. 1996. Narrative child family therapy. *Family Process*, 35(4):423-440.

LEYLAND, M.L. 1988. An introduction to some of the ideas of Humberto Maturana. *Journal of Family Therapy*, 10:357-374.

McNAMEE, C. & GERGEN, K.J. 1995. Introduction. (*In* McNamee, C. & Gergen, K.L., *eds*. Therapy as social construction. London : SAGE. p. 1-6.)

ROSENHAN, D.L. 1984. Self-fulfilling prophecies. (*In* Watzlawick, P., *ed*. The invented reality. London : Norton. p. 95-116.)

SHAW, A. 1996. Social constructionism and the inner city: Designing environments for social development and urban renewel. (*In* Kafai, Y. & Resnick, M., *eds*. Constructionism in practice – designing, thinking, and learning in a digital world. New Jersey : Erlbaum. p. 175-206.)

SIMON, R. 1985. Structure is destiny: An interview with Humberto Maturana. *The Family Therapy Networker*, 9(3):32-46.

VAN HEERDEN, E. 1997. Postmodernisme en prosa. Kaapstad : Human & Rousseau.

VON GLASERSFELD, E. 1984. An introduction to radical constructivism. (*In* Watzlawick, P., *ed*. The invented reality. New York : Norton. p. 7-40.)

VON GLASERSFELD, E. 1995. Radical constructivism: A way of knowing and learning. London : Falmer Press.

WARING, E.M. 1990. Self-disclosure of personal constructs. *Family Process*, 29(4):399-413.

WATTS, M 1994. Constructivism, re-constructivism and task-oriented problem-solving. (*In* Fensham, P.J., Gustone, R.F. & White, R.T., *eds*. The content of science: A constructivist approach to its teaching and learning. London : Falmer. p. 39-58.)

WATZLAWICK, P. 1984. Introduction. (*In* Watzlawick, P., *ed*. The invented reality. London : Norton. p. 13-16.)

Kernbegrippe:
konstruksionisme
konstruktivisme
maatskaplike werk
realiteitskomstruering

Key concepts:
construction of reality
constructionism
constructivism
social work